# KLIPKERK LICHTENBURG

## *Wêreldfokus Nuusbrief*

### Februarie 2024

'n Jaar van Geleenthede



*"Ek sê vir julle,
kyk op en aanskou
die lande;
hulle staan reeds
wit vir die oes."*

*Joh 4:35*

# Klipkerk Sendelinge 2024



**`Dries en Marlee Volschenk**
*Child Evangelism Fellowship*
Madagaskar 2000-2022
2022 - Dries is aangestel as Nasionale Direkteur van CEF in Suid Afrika.



**Gerard en Vanessa Olivier**
*Makhua Bediening, Mosambiek*
2021 Makhua's ontvang Bybel in eie taal. Bybel- en dissipelskap opleiding, Bybel-verspreiding, klankopnames van Makhua Bybel.



**Koos Saaiman**
*Ouderling:sending Wêreldfokus*
EE3 aanbiedings en dienste in Boikhutso en Blydeville.



**Coen en Suria Scholtz**
*Ethnos Movement International*
Ontwikkel en aktiveer dissipel-skap bewegings en aksies om die mins-geëvangeliseerde mense-groepe en kwesbare gemeenskappe wêreldwyd te bereik.



**Rebekka**
*Sopkombuis*
Boikhutso en Blydeville.
Jeug en vroue bediening.



**Petrus en Lukas**
*Botswana uitreike, Boikhutso, Blydeville, Lichtenburg, plase,*
Dienste, uitreike, Jesus Film, gesprekke, Lichthuis en hospitaal bediening.




**Aretha Prinsloo**
*Turkse Vennootskap in SA, Midde-Ooste (MENASA) Wêreldfokus Klipkerk*
Media: webwerwe, promosie materiaal
Uitreike.



**Gideons**
*Bybelplasings in skole en hospitale*



# ’n Jaar van Geleenthede



Die oorkoepelende Wêreldfokus aksie van Klipkerk Lichtenburg, wat in die 1990’s ontstaan het, sluit in uitreik na Boikhutso, Blydeville en plase, Hospitaal en Lichthuis bediening, Taxi bediening, uitreik met Jesus Film op plase, die sopkombuis, die Gideons Bybelplasings; uitstuur en ondersteun van sendelinge plaaslik, en ook in Botswana, asook sendeinge wat tot aan die uithoeke van die aarde uitgestuur is.

Lande deur Wêreldfokus sendelinge bereik: Suid-Afrika, Botswana, Zambië, verskeie ander lande in Afrika, Mosambiek, Madagaskar, Indië, Frankryk, Masedonië, Rusland, die Midde-Ooste en Turkye.

LICHTENBURG KLIPKERK